As emphasised on previous occasions, the Government believes that such protection to local manufacturers should be granted through the medium of the customs tariff rather than by means of import control.

Local manufacturers in need of such protection have already been invited to submit the necessary applications to the Board of Trade and Industries. A large number of such applications have recently been received and are being dealt with by the Board and the Government as a matter of urgency.

In so far as the Government's decisions on these applications will involve increases in rates of duty not bound under GATT, the relevant decisions will be speedily implemented.

In so far as the Board's recommendations to the Government may involve increases in bound rates of duty, the Committee of Enquiry into South Africa's position under GATT has been instructed to report by 31st August at the latest on the possible solution of the problems arising from South Africa's existing GATT tariff commitments. The Government will ensure that the manufacturers concerned receive the assistance which the circumstances of each case justify.

Kwartaallikse ekonomiese oorsig

Ekonomiese ontwikkelings gedurende die jaar wat op 30 Junie 1972 geëindig het, is in besonderhede behandel in die Presidentsrede tydens die algemene jaarvergadering van die Reserwebank op 22 Augustus, die Reserwebank se *Jaarlikse Ekonomiese Verslag* en die verklaring oor huidige ekonomiese toestande deur die Eerste Minister in opvolging van die vergadering van die Ekonomiese Adviesraad op 28 en 29 Augustus. Hierdie oorsig sal derhalwe hoofsaaklik beperk word tot belangrike ontwikkelings gedurende die tweede kwartaal en gedurende Julie en Augustus.

Nasionale rekeninge

Volgens kwartaallikse ramings het die koers van toename in die bruto binnelandse produk teen heersende markpryse gedurende die eerste sowel as die tweede kwartaal van 1972 versnel. Waar die versnelling in die eerste kwartaal feitlik uitsluitlik aan hoër pryse toe te skryf was, was dit in die tweede kwartaal in 'n mate die gevolg van 'n matige herlewing in ekonomiese bedrywigheid. Hierdie welkome ontwikkeling is nie alleen teweeggebring deur hoër landbouproduksie nie, maar ook deur 'n toename in die reële toegevoegde waarde van die meeste nie-landbousektore, in besonder niegoudmynbou, vervoer, opberging en kommunikasie en die motorhandel.

Gedurende die tweede kwartaal van 1972 is die onewewigtigheid tussen die binnelandse vraag na en aanbod van goedere en dienste, wat een van die vernaamste probleme van die owerhede sedert die tweede kwartaal van 1969 was, feitlik uitgeskakel deur 'n geringe versnelling in die koers van toename in die bruto nasionale produk en 'n werklike afname in die bruto binnelandse besteding. Laasgenoemde afname is hoofsaaklik veroorsaak deur 'n vermindering in die koers van toename van private verbruiksbesteding, 'n geringe afname in bruto binnelandse vaste investering en 'n intering op voorrade. Verbruiksbesteding deur die algemene owerheid, wat gedurende die eerste kwartaal van 1972 afgeneem het, het weer in die tweede kwartaal gestyg tot ongeveer dieselfde peil wat in die vierde kwartaal van 1971 bereik is.

Die verlangsaming in die koers van toename in private verbruiksbesteding teen heersende en konstante pryse was veral opmerklik in die besteding aan semi-duursame goedere, nie-duursame goedere en dienste. Besteding aan duursame goedere, wat gedurende die eerste kwartaal van 1972 'n afname getoon het, het gedurende die tweede kwartaal weer gestyg as gevolg van die skerp toename in besteding aan nuwe motors.

Bruto binnelandse vaste investering wat gedurende die eerste kwartaal van 1972 matig afgeneem het, het gedurende die tweede kwartaal effens gedaal. Vaste investering deur die private sektor het gedurende die eerste en tweede kwartaal van 1972 op ongeveer dieselfde peil gebly. Die kapitaalbesteding deur private fabriekswese het gedurende die tweede

Bruto binnelandse besteding



kwartaal ietwat afgeneem tot ongeveer dieselfde peil as wat in die tweede kwartaal van 1971 aangeteken is, met ander woorde, dit het oor die afgelope twaalf maande min verandering getoon. Vaste investering deur openbare korporasies het, nadat dit in die eerste kwartaal van 1972 skerp toegeneem het, in die tweede kwartaal slegs 'n geringe verdere styging getoon. In teenstelling hiermee het die kapitaalbesteding deur die openbare owerhede, wat tot die vierde kwartaal van 1971 opmerklik gestyg het, in sowel die eerste as tweede kwartaal van 1972 gedaal.

'n Intering op voorrade het in die tweede kwartaal van 1972 voorgekom nadat 'n volgehoue opbouing vanaf die tweede kwartaal van 1969 aangeteken is. Hierdie verandering in die neiging het aansienlik tot die afname in bruto binnelandse besteding bygedra en was hoofsaaklik die gevolg van 'n intering op nywerheids- en handelsvoorrade.

Bruto binnelandse besparing het gedurende die tweede kwartaal aansienlik gestyg en dit was moontlik om bruto binnelandse investering feitlik geheel en al uit binnelandse bronne te finansier. Dit is ook bemoedigend dat persoonlike besparing gedurende hierdie kwartaal aanmerklik gestyg het.

Algemene ekonomiese aanwysers

Die matige oplewing in reële ekonomiese bedrywigheid gedurende die tweede kwartaal van 1972 is ook in die verloop van 'n aantal algemene ekonomiese aanwysers weerspieël. Gedurende die tweede kwartaal is toenames byvoorbeeld aangeteken in die volume van nie-goudmynbouproduksie, die aantal nuwe motorvoertuie verkoop, die ton-kilometers van inkomstedraende verkeer van die S.A. Spoorweë, elektriese stroom opgewek, sementproduksie, nuwe voorskotte deur bouverenigings toegestaan en groothandelsverkope van boumateriaal. Reële fabrieksproduksie het ook gedurende die eerste helfte van 1972 'n opwaartse neiging getoon, hoofsaaklik as gevolg van 'n toename in die produksie van nieduursame goedere. Gedurende die eerste ses maande van 1972 was die seisoensaangesuiwerde volume van fabrieksproduksie gemiddeld 2,2 persent hoër as gedurende die tweede helfte van 1971.

Sekere ander belangrike aanwysers het egter gedurende die tweede kwartaal voortgegaan om siklies te daal. Die belangrikste hiervan was kleinhandelsverkope teen konstante pryse en totale ure gewerk in die konstruksiebedryf, terwyl die aantal werklose Blankes, Kleurlinge en Asiërs tot Mei 1972 skerp toegeneem het maar daarná in Junie en Julie meer gelyk verloop het.

Pryse

Verbruikerspryse het tussen Julie 1971 en Julie 1972 met 5,7 persent toegeneem, vergeleke met 6,2 persent gedurende die vorige jaar. As gevolg van 'n skerp toename in pryse gedurende Julie het die jaarlikse

Algemene ekonomiese aanwysers

koers van toename in die seisoensaangesuiwerde verbruikersprysindeks versnel vanaf 4,9 persent gedurende die eerste helfte tot 5,9 persent in die eerste sewe maande van 1972. Die styging in Julie was hoofsaaklik toe te skryf aan skerp toenames in die pryse van behuising en voedsel, in besonder dié van groente, vrugte en vleis.

Die seisoensaangesuiwerde indeks van groothandelspryse het tussen Julie 1971 en Julie 1972 met 7,6 persent gestyg, vergeleke met 'n styging van 4,6 persent gedurende die jaar geëindig Julie 1971. Hierdie versnelling was in 'n groot mate die gevolg van die invloed van die devaluasie van die rand en die algemene herskikking van wisselkoerse in Desember 1971. Vanaf Desember 1971 tot Julie 1972 het die seisoensaangesuiwerde groothandelsprysindeks teen 'n jaarkoers van 10,2 persent gestyg. Teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers het die pryse van ingevoerde goedere met 16,8 persent toegeneem en dié van goedere geproduseer in Suid-Afrika met 8,3 persent. Die poste wat hoofsaaklik vir laasgenoemde styging verantwoordelik was, was landbouprodukte, tekstiele, klerasie en skoeisel, en basiese metaalprodukte.

Betalingsbalans

Die oorskot op die betalingsbalans in geheel het aansienlik toegeneem naamlik vanaf R28 miljoen gedurende die eerste kwartaal tot nie minder nie as R157 miljoen gedurende die tweede kwartaal van 1972. Hierdie aansienlike verbetering was in geheel toe te skryf aan 'n opmerklike verbetering in die lopende rekening van die betalingsbalans, terwyl die netto kapitaalinvloeiing vanaf die buiteland slegs matig afgeneem het ten spyte van netto terugbetalings van buitelandse lenings deur die sentrale regering en banksektor.

Die tekort op die lopende rekening van R118 miljoen in die eerste kwartaal van 1972 het in werklikheid verander na 'n surplus van R20 miljoen in die tweede kwartaal van die jaar. Ná seisoensaansuiwering en gereken teen 'n jaarkoers, is 'n tekort nog gedurende die tweede kwartaal getoon, alhoewel dit slegs R8 miljoen bedra het, vergeleke met die tekort van R493 miljoen in die eerste kwartaal. Hierdie aansienlike verbetering was die netto gevolg van 'n aansienlike toename in die waarde van goedereuitvoere en 'n matige afname in die waarde van goedere-invoere en netto onsigbare betalings aan die res van die wêreld. Netto goudproduksie het op ongeveer dieselfde hoë peil as gedurende die vorige kwartaal gebly.

Goedere-uitvoere, gereken teen 'n jaarkoers en ná uitskakeling van seisoensinvloede, het vanaf R1 793 miljoen in die eerste kwartaal tot nie minder nie as R2 105 miljoen in die tweede kwartaal van 1972 toegeneem. Hierdie skerp toename is in byna al die vernaamste klasse van uitvoergoedere weerspieël,

Goedere-invoere en -uitvoere

Drie maande bewegende gemiddelde.
Seisoensinvloed uitgeskakel. Jaarlikse koers.

Goud- en ander buitelandse reserwes



waarby diamantverkope die grootste bydrae gelewer het. Hoofsaaklik as gevolg van 'n afname in bruto binnelandse besteding, het invoere van byna alle klasse goedere gedurende die tweede kwartaal gedaal. Die afname in goedere-invoere, in waarde sowel as volume, is ook weerspieël in 'n afname in betalings ten opsigte van vrag en versekering op goedere, wat hoofsaaklik vir die afname in die netto onsigbare betalings aan die res van die wêreld verantwoordelik was.

Nieteenstaande die feit dat 'n gedeelte van die nuutontginde goud tot die amptelike goudreserwes toegevoeg is as gevolg van die oorskot op die betalingsbalans in sy geheel, het die waarde van die netto goudproduksie, na seisoensaansuiwering en gereken teen 'n jaarkoers, effens toegeneem vanaf R1 073 miljoen in die eerste kwartaal tot R1 081 miljoen in die tweede kwartaal van die jaar. Dit was as gevolg van die feit dat die gemiddelde prys van goud op die private mark gedurende die tweede kwartaal aansienlik gestyg het in vergelyking met die eerste kwartaal van die jaar en die seisoensaangesuiwerde indeks van die fisiese volume van goudproduksie ook 'n geringe styging getoon het.

Die totale netto kapitaalinvloeiing het op 'n betreklik hoë peil gebly en R137 miljoen in die tweede kwartaal bedra vergeleke met R146 miljoen in die eerste kwartaal van 1972. Hierdie betreklik hoë syfer is behaal nieteenstaande 'n netto uitvloeiing van R60 miljoen aangeteken ten opsigte van die sentrale regering en banksektor. Die netto kapitaalinvloeiing na die private sektor het in teenstelling hiermee toegeneem vanaf R140 miljoen in die eerste kwartaal tot R197 miljoen in die tweede kwartaal. Van die laasgenoemde bedrag het nie minder nie as R154 miljoen langtermynkapitaal verteenwoordig. Netto aankope deur buitelanders van effekte wat op die Johannesburgse Effektebeurs genoteer word, het ook op die betreklik hoë peil wat in die eerste kwartaal bereik is, gebly, hoofsaaklik as gevolg van die skerp toename in die goudprys op die private mark.

Gedurende Julie het die totale goud- en ander buitelandse reserwes met soveel as R90 miljoen tot 'n peil van R954 miljoen aan die einde van die maand toegeneem. Hierdie skerp toename gedurende Julie was egter in 'n groot mate toe te skryf aan buitelandse lenings wat deur die sentrale regering, insluitende die Poskantoor, aangegaan is. Buitelandse aankope van effekte wat op die Johannesburgse Effektebeurs genoteer word, het gedurende Julie skerp afgeneem as gevolg van die valutabeperkings wat op 23 Junie deur die Verenigde Koninkryk ingestel is. Gedurende Augustus het die goud- en ander buitelandse reserwes van die Reserwebank slegs matig vanaf R823 miljoen tot R838 miljoen aan die einde van die maand toegeneem.

Die maandelikse syfers van die Departement Doeane en Aksyns het 'n aansienlike verbetering in die handelsbalans gedurende Julie getoon. Hierdie verbetering is hoofsaaklik veroorsaak deur 'n skerp afname in goedere-invoere vanaf 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van R2 886 miljoen in Junie tot R2 522 miljoen in Julie, terwyl goedere-uitvoere op die peil van ongeveer R1 930 miljoen gebly het. Gedurende Augustus het goedere-invoere en -uitvoere gestyg tot seisoensaangesuiwerde jaarsyfers van R3 048 miljoen en R2 020 miljoen onderskeidelik.

Monetêre en banktoestand

Geld en kwasi-geld

Die seisoensaangesuiwerde jaarkoers van toename in geld en kwasi-geld, wat gedurende die tweede helfte van 1971 ietwat minder as 5 persent bedra het, het gedurende die eerste kwartaal van 1972 tot 8,5 persent en gedurende die tydperk van April tot Julie tot meer as 16 persent gestyg. Vir die eerste sewe maande van 1972 het dit effens meer as 13 persent bedra. Gedurende Junie en Julie 1972 was die seisoensaangesuiwerde jaarkoers van toename in werklikheid selfs heelwat meer as 20 persent. Gedurende Julie het die werklike toename in die hoeveelheid geld en kwasi-geld, ná uitskakeling van die seisoensinvloed, nie minder nie as R104 miljoen bedra. In die lig van die hoë koerse van toename wat onlangs in geld en kwasi-geld aangeteken is, is dit moontlik dat 'n draaipunt bereik is in die geleidelike afwaartse neiging van die verhouding van geld en kwasi-geld tot die binnelandse produk wat sedert die derde kwartaal van 1970 bestaan het.

Oorsake van veranderings in geld en kwasi-geld

Verreweg die belangrikste enkele oorsaak van die steeds vinniger styging in geld en kwasi-geld gedurende die tweede kwartaal en Julie 1972 was die skerp opswaai in die netto goud- en ander buitelandse reserwes van die banksektor. Nadat dit gedurende die eerste kwartaal van 1972 met R41 miljoen gestyg het, het die netto buitelandse reserwes, ná uitskakeling van die seisoensinvloed, gedurende die tweede kwartaal met R191 miljoen en gedurende Julie met nie minder nie as R118 miljoen toegeneem. Die styging in die buitelandse reserwes het gedurende die vier maande vanaf April tot Julie 1972 R320 miljoen bedra en in werklikheid die totale styging in geld en kwasi-geld van R255 miljoen aansienlik oorskry. Ander oorsake van veranderings in geld en kwasi-geld het gedurende hierdie tydperk per saldo dus 'n negatiewe bydrae tot die likwiditeit van die private sektor gemaak.

Nadat dit gedurende die eerste kwartaal van 1972 aansienlike verdere stygings getoon het, het die totale binnelandse kredietverlening gedurende die vier maande vanaf April tot Julie gedaal. Die afname gedurende die tweede kwartaal van 1972 in die netto eise van die banksektor teen die regeringsektor, ná

Oorsake van veranderings in geld en kwasi-geld
R miljoene

	Seisoensinvloed nie uitgeskakel nie			Seisoensinvloed uitgeskakel		
	1e kw.	2e kw.	Julie	1e kw.	2e kw.	Julie
Netto goud- en buitelandse reserwes	48	206	114	41	191	118
Eise teen die regeringsektor:						
Bruto eise	7	200	28	...	...	...
Regeringsdeposito's (toename —)	—103	—139	—68	...	...	...
Netto eise	—96	61	—40	145	—89	66
Eise teen die private sektor	121	—35	—26	128	8	—34
Langtermyn private deposito's (toename—)	—117	—31	—63	—116	—54	—65
Netto ander bates en laste	—47	22	47	...	...	...
Totale oorsake	—91	222	33	89	128	104

uitskakeling van die seisoensinvloed, was grotendeels 'n weerspieëling van die aansienlike ophoping van regeringsdeposito's wat met die baie suksesvolle flotering van twee effekte-uitgiftes gedurende Mei en Junie in verband gestaan het. Terselfdertyd was hierdie nuwe uitgiftes ook verantwoordelik in die grootste deel van die toename van R200 miljoen in die bruto eise van die banksektor teen die regeringsektor gedurende die tweede kwartaal, wat hoofsaaklik uit vermeerderde besit van die handelsbanke, aksepbanke en monetêre huurkoop- en algemene banke aan staatseffekte bestaan het. Gedurende Julie het die netto eise van die banksektor teen die regering, ná uitskakeling van die seisoensinvloed, egter weer met R66 miljoen toegeneem.

Die langtermyndeposito's van die private sektor het gedurende die tweede kwartaal en Julie aangehou om te styg. Vanaf die begin van die jaar tot die einde van Julie het hierdie deposito's in werklikheid met heelwat meer as R200 miljoen, of met 27 persent, toegeneem. Soos gedurende Maart 1972 het hierdie verdere stygings, in die besonder gedurende Julie, moontlik tot op sekere hoogte verband gehou met verwagtings van 'n verdere daling in die peil van depositorentekoerse.

Bankkrediet aan die private sektor

Hoewel dit duidelike skommelings getoon het, het die bankkrediet aan die private sektor gedurende die vier maande vanaf April tot Julie 1972 afgeneem, nadat dit gedurende die eerste kwartaal van die jaar aansienlik gestyg het. Hierdie afwaartse beweging is geheel en al verklaar deur die handelsbanke, wie se diskonteringe en voorskotte aan die private sektor (met insluiting van 50 persent van netto remises in transito) tussen die einde van Maart en die einde van Julie 1972 met R138 miljoen gedaal het. Tot aan die einde van Julie het die diskonteringe en voorskotte van die handelsbanke aan die private sektor derhalwe nog geen reaksie getoon op die verhoging van die kredietplafonne wat aan die einde van Maart 1972 aangekondig is nie. Bowendien was die peil van die handelsbanke se diskonteringe en voorskotte aan die private sektor aan die einde van Julie nie beduidend hoër as die syfer wat aan die einde van Julie 1970, dit wil sê twee jaar vroeër, aangeteken is nie.

Banklikwiditeit

Die skerp styging in die peil van die netto goud- en ander buitelandse reserwes, tesame met die ietwat laer peil van die monetêre banke se krediet aan die private sektor, het die likwiditeitsposisie van die banke gedurende die tweede kwartaal en Julie 1972 aanmerklik beïnvloed. Vanaf die einde van Maart tot die einde van Julie het die werklike besit aan likwiede bates van die handelsbanke, aksepbanke en monetêre huurkoop- en algemene banke met R275 miljoen tot R1 920 miljoen toegeneem; die oorskot likwiede bates het met R212 miljoen tot R352 miljoen gestyg. In verhouding tot die banke se totale verpligtings teenoor die publiek, het die oorskot likwiede bates toegeneem vanaf 2,6 persent aan die einde van Maart tot 5,9 persent aan die einde van Junie en (teen die normale seisoensneiging in) tot 6,2 persent aan die einde van Julie, die hoogste peil van hierdie verhouding sedert die einde van Februarie 1969.

Geldmark en korttermynrentekoerse

Nieteenstaande die hoër algemene peil van likwiditeit en die banke se groter besit aan likwiede bates, het die totaal aan daggeldlenings ontvang deur die diskontohuise gedurende die vier maande vanaf April tot Julie duidelik onder die peil gebly wat in 1971 aangeteken is, hoofsaaklik vanweë die kleiner bedrae aan daggeldlenings wat deur die handelsbanke gehou is. Terselfdertyd was die gemiddelde skuldposisie van die diskontohuise teenoor die Reserwebank soos op maandeindes gedurende hierdie tydperk, wat R66 miljoen of 18 persent van hul totale bates bedra het, nog steeds ietwat hoër as die syfer van R61 miljoen

(14 persent van hul bates) gedurende die ooreenstemmende tydperk van 1971. Terwyl hulle kleiner bedrae aan bankaksepte gehou het, het die diskontohuise vanaf April 1972 hul besit aan skatkiswissels aansienlik vermeerder en gedurende Junie en Augustus ook tydelik beleggings in Landbankwissels gehou, wat in midde-Augustus nie minder nie as R62 miljoen bedra het.

Ná die aansienlike verruiming van die toestand op die geldmark en die skerp daling in korttermynrentekoerse vanaf die einde van Maart 1972 tot midde-Mei, het daar gedurende die res van Mei en gedurende Junie en Julie meer bestendige toestande bestaan deurdat die ophoping van regeringsdeposito's as gevolg van die regering se nuwe effekte-uitgiftes en die invloeiing van belastingfondse geneig het om die uitwerking van die styging in die buitelandse reserwes te neutraliseer. So het die koers op bankaksepte van drie maande, wat vanaf 8,3 persent aan die einde van Maart tot 6,6 persent op 12 Mei gedaal het, slegs 'n matige verdere daling getoon tot 6,1 persent op 4 Augustus. Ná die verlaging van die bankkoers vanaf 6,5 persent tot 6 persent op 10 Augustus en 'n verdere verruiming van die mark, het hierdie koers egter tot 5,3 persent op 18 Augustus gedaal, die laagste peil daarvan sedert Desember 1969. Op dieselfde manier het die skatkiswisselrentekoers gedaal vanaf 5,94 persent aan die einde van Maart tot 5,56 persent op 12 Mei en 5,20 persent op 4 Augustus voordat dit gedaal het tot 4,39 persent op 25 Augustus, die laagste peil daarvan sedert September 1970 en 1,61 persent onder die verlaagde Bankkoers. Gedeeltelik as gevolg van 'n styging in regeringsdeposito's, het die koers egter weer ietwat gestyg tot 4,56 persent op 8 September.

Ná die verlaging van die Bankkoers het die banke hul prima uitleenkoers vanaf 9 tot $8\frac{1}{2}$ persent verlaag en het die banke sowel as die bouverenigings hul depositokoerse verminder. In die geval van die handelsbanke is die hoogste koerse wat op deposito's met verskillende looptye aangebied is, vanaf 19 Augustus verlaag met $\frac{1}{2}$ persent benede die plafonkoerse wat aan die einde van Maart vasgestel is, wat gelei het tot die volgende koerspatroon aan die einde van Augustus:

Kennisgewing-deposito's	31 dae: 5-$5\frac{1}{2}$ persent
	91 dae: $5\frac{1}{2}$ persent
Vaste deposito's .	6 maande: $5\frac{3}{4}$-$6\frac{1}{4}$ persent
	12 maande: $6\frac{1}{2}$-7 persent

Verdere stimuleringsmaatreëls

Afgesien van die verlaging van die Bankkoers vanaf 6,5 tot 6 persent op 10 Augustus, is verdere stimulerende monetêre maatreëls op 22 Augustus deur die President van die Reserwebank by geleentheid van die Bank se Jaavergadering aangekondig. So is die plafonne op die diskonteringe en voorskotte en beleggings van alle bankinstellings met ingang 1 September 1972 verhoog met $7\frac{1}{2}$ persent, wat ongeveer R180 miljoen bedra. Terselfdertyd is daar aangekondig dat die nuwe kontant- en likwiede batevereistes vir bankinstellings kragtens die Wysigingswet op Finansiële Instellings, 1972, met ingang 1 November in werking gestel sal word, met die oog daarop om die plafonmetode van kredietbeheer geleidelik met beheer in die vorm van likwiede bate- en kontantreserwevereistes te vervang.

Korttermynrentekoerse

Staatsfinansies

Hoewel die tekort op die Skatkisrekening gedurende die tweede kwartaal van 1972 toegeneem het, vergeleke met sowel die eerste kwartaal van 1972 as die tweede kwartaal van 1971, was die Tesourie in staat om sy netto skuldposisie teenoor die monetêre banksektor met bykans R89 miljoen te verminder. Dit was hoofsaaklik die gevolg van die gunstige reaksie op twee nuwe effekteuitgiftes gedurende Mei en Junie. Aansoeke vir die $6\frac{1}{4}$ persent korttermynuitgifte het R153 miljoen bedra en was hoofsaaklik van die monetêre banksektor afkomstig, terwyl aansoeke vir die $8\frac{1}{2}$ persent uitgifte met 'n looptyd van 25 jaar in totaal R336 miljoen beloop het. Laasgenoemde bedrag het bestaan uit inskrywings ten bedrae van R80 miljoen deur die Staatskuldkommissarisse, R102 miljoen deur die monetêre banksektor en R154 miljoen deur beleggers in die private nie-banksektor. Die gunstige reaksie, veral op die langtermynuitgifte, asook die suksesvolle omsetting van die grootste

gedeelte van die 5 persent 1972-effek wat in Mei 1972 afgelos moes word, het verband gehou met die verbetering gedurende die tweede kwartaal van 1972 in die aanbod van fondse in die mark vir vaste-rentedraende effekte, en verwagtings van 'n daling in langtermynrentekoerse. 'n Totale bedrag van R184 miljoen is inderdaad deur middel van die nuwe effekte-uitgiftes van private nie-bankbronne ontvang. Hierdie syfer het selfs die bedrag wat ooreenkomstig die Begrotingsvoorstelle gedurende die fiskale jaar 1972/73 as geheel deur middel van effekte-uitgiftes geleen moet word, oorskry.

Gedurende die tweede kwartaal het die private nie-banksektor gevolglik 'n rekordbedrag van R272 miljoen tot die finansiering van die skatkistekort bygedra, 'n bedrag wat in werklikheid hierdie sektor se netto belegging in staatskuldbewyse (insluitende leningsheffings) gedurende die afgelope drie kalenderjare oorskry het. Aangesien die leningsheffings op individuele belastingbetalers in die 1972/73-Begroting afgeskaf is, het die betrokke bedrag hoofsaaklik beleggings in staatskuldbewyse verteenwoordig. Gedurende die tweede kwartaal het die Staatskuldkommissarisse R140 miljoen tot die finansiering van die tekort op die Skatkisrekening bygedra. Hierdie netto beleggings is hoofsaaklik gedurende April gemaak toe die grootste gedeelte van die kontantsaldo's wat nie gedurende die 1971/72 fiskale jaar belê is nie, aan die Tesourie beskikbaar gestel is.

Kapitaalmark

Die neiging tot 'n verruiming in die kapitaalmark het gedurende die vyf maande tot einde Augustus verdere momentum gekry. In die mark vir vaste-rentedraende effekte het die openbare sektor besondere welslae met die opname van nuwe fondse behaal, en uitgiftes van langtermyneffekte deur die regering, plaaslike owerhede en openbare korporasies het meer as R600 miljoen gedurende die tweede kwartaal van 1972 geïn, vergeleke met ongeveer R130 miljoen gedurende die voorafgaande kwartaal en bykans R370 miljoen gedurende die ooreenstemmende kwartaal in 1971. Die opbrengskoers op langtermynstaatseffekte het gedurende die tweede kwartaal onveranderd op 8,5 persent gebly, maar ná die baie geslaagde nuwe uitgiftes in Mei en Junie, is dit by twee geleenthede verlaag, naamlik tot 8,25 persent op 10 Augustus en tot 8,125 persent op 8 September. Die oorheersende opbrengskoers op nuwe uitgiftes van langtermyn-semi-prima-effekte het gedurende die tydperk vanaf April tot Augustus van 9,35 persent tot 8,8 persent gedaal. Die private sektor het gedurende die tweede kwartaal nie nuwe kapitaal in die mark vir vaste-rentedraende effekte opgeneem nie, maar in Julie is 'n maatskappy-skuldbriefuitgifte teen 9,5 persent geplaas en dit was heelwat laer as die vlak van 10 tot 10,25 persent wat in die eerste kwartaal van 1972 gegeld het.

Die opwaartse neiging in aandelepryse en effektebeursomset gedurende die eerste kwartaal van 1972 het gedurende die daaropvolgende vyf maande voortgeduur. Die pryse van alle klasse aandele wat op die Johannesburgse Effektebeurs genoteer word, het vanaf Maart tot Augustus 1972 met gemiddeld 25,5 persent gestyg. Gedurende die tweede kwartaal het die omset op die beurs, gemeet volgens die aantal aandele verhandel, 'n peil bereik wat net oortref is deur die hoogtepunt wat in die tweede kwartaal van 1969 aangeteken is, en gedurende die daaropvolgende twee maande het dit gemiddeld slegs effens afgeneem.

'n Belangrike faktor wat verantwoordelik was vir die oplewing van effektebeursaktiwiteit en -pryse, was die bedrywighede van buitelandse beleggers wat hul netto aankope van effekte wat op die Johannesburgse Effektebeurs genoteer word, gedurende die tweede kwartaal teen 'n hoë peil volgehou het. Hierdie netto aankope het egter, nadat die Bank van Engeland valutabeheer op transaksies tussen die Verenigde Koninkryk en die meeste ander lande van die Sterlinggebied ingestel het, tot slegs R1 miljoen in Julie

Rente- en opbrengskoerse



gedaal. Finansiële aandele het gedurende die vyf maande vanaf April tot Augustus die skerpste prysstyging getoon, gevolg deur goudmyn- en ander metaal- en mineraalaandele. Nywerheids- en handelsaandele het gedurende die betrokke tydperk 'n betreklik klein prysstyging getoon. Die gemiddelde dividendopbrengskoers op alle klasse genoteerde aandele het vanaf 5,3 persent in Maart 1972 tot 4,8 persent in Julie afgeneem, en sodoende die omgekeerde rendementsgaping tussen die opbrengskoers op langtermynstaatseffekte en die gemiddelde dividendopbrengskoers op aandele gedurende hierdie tydperk vanaf 3,2 persent tot 3,7 persent vergroot. Hierdie gaping is egter verklein deur die daaropvolgende verlagings van die opbrengskoers op langtermynstaatseffekte gedurende Augustus en September.

Die groter beskikbaarheid van spaarfondse het ook die bouverenigings bevoordeel en hulle het, op 'n seisoensaangesuiwerde kwartaalbasis, 'n invloeiing van fondse ten bedrae van R139 miljoen gedurende die tweede kwartaal ondervind, vergeleke met R71 miljoen gedurende die eerste kwartaal. Vóór uitskakeling van die seisoensinvloed, het die invloeiing R111 miljoen bedra, bestaande uit 'n toename van R120 miljoen in die belegging in bouverenigingaandele en 'n afname van R9 miljoen in deposito's. Hierdie invloeiing, tesame met die terugvloeiing van fondse uit verbanddelgings, het die bouverenigings in staat gestel om nuwe verbandlenings ten bedrae van R208 miljoen toe te staan, waarvan R157 miljoen werklik uitbetaal is. Gedurende Julie is 'n verdere aansienlike invloeiing van fondse aangeteken. Die groter vloei van fondse na bouverenigings gedurende onlangse maande het die meeste verenigings in staat gestel om die agterstand ten opsigte van aansoeke vir lenings van nie meer as R15 000 nie, in te haal.

Nadat die bankkoers op 10 Augustus 1972 verlaag is, het die bouverenigings op 18 Augustus besluit om die meeste van hul leenkoerse tot $\frac{1}{2}$ persent onder die maksimum koerse wat aan die einde van Maart 1972 deur die Reserwebank neergelê is, te verlaag. Die nuwe koerse wat deur die verenigings bepaal is, waarvan sommige nog nie in werking is nie, is die volgende:

Vaste-termyn-aandele met 'n gewaarborgde dividend	7,5 persent
Onbepaalde-termyn-aandele . . .	7,25 persent
Vaste deposito's	7 persent
Spaardeposito's en -sertifikate . .	$3\frac{1}{2}-5\frac{1}{2}$ persent

Die bouverenigings het ook aangedui dat hulle mettertyd die verlaging van hul verbandkoers sal oorweeg.

Verslapping van invoerbeheer en die beskerming van die vervaardigingsnywerheid

Die Minister van Ekonomiese Sake het op 25 Julie 1972 aangekondig dat, met die oog op die onlangse verbetering van Suid-Afrika se betalingsbalans, die Regering besluit het om sy gebruik van Artikel XII van die Algemene Ooreenkoms oor Tariewe en Handel, wat lidstate van die AOTH magtig om invoerbeperkings vir betalingsbalansdoeleindes te handhaaf, te staak.

Daarbenewens het die Regering besluit om sekere verdere verslappings aan te bring in die invoerbeperkings wat hy in November 1971 ingestel het ten einde die destydse ernstige en standhoudende daling in die land se monetêre reserwes te keer.

Ter aanvulling van hierdie besluite het die Minister van Ekonomiese Sake die volgende verklarings uitgereik:

Die Regering het die betalingsbalansposisie van die land noukeurig oorweeg in die lig van verwikkelinge sedert November 1971 toe hy genoodsaak was om homself opnuut op Artikel XII van die AOTH te beroep en om Suid-Afrika se invoerbeperkings te verskerp as 'n middel om die ernstige en standhoudende daling in die land se goud en ander vreemde bates te keer.

Hoewel internasionale monetêre en handelsonsekerhede nog steeds voortduur en in sommige opsigte onlangs vermeerder het, is die Regering tevrede dat die verbetering van die Suid-Afrikaanse betalingsbalans gedurende die eerste helfte van 1972 asook die aansienlik versterkte posisie van die land se goud en ander vreemde bates nou 'n staking van sy gebruik van Artikel XII van die AOTH regverdig en hom ook toelaat om die invoerbeperkings wat in November 1971 ingestel was, verder te verslap.

Die Regering sal natuurlik die betalingsbalansposisie onder voortdurende en sorgvuldige hersiening neem, en sal nie huiwer om tydelike regstellende stappe te doen indien 'n verandering in die huidige gunstige verloop van die betalingsbalans dit nodig sou maak nie.

In besonder sal die Regering 'n wakende oog hou oor die lopende rekening van die betalingsbalans, in aggenome die verwagte ongunstige uitwerking op die uitvoer van sekere Suid-Afrikaanse produkte van Brittanje se toetrede tot die Europese Gemeenskappe op 1 Januarie 1973.

Hierdie is aangeleenthede waaroor die Regering in voortdurende oorlegpleging met die Britse Regering en die Kommissie van die Europese Gemeenskappe verkeer in 'n poging om die nadelige uitwerking daarvan op Suid-Afrika se uitvoerhandel met Brittanje te vermy of tot 'n minimum te beperk.

Besonderhede van die nuwe invoerbeheerverslappings sal gepubliseer word in 'n Buitengewone Staatskoerant wat op 26 Julie 1972 sal verskyn.

Ingevolge die nuwe maatreëls sal die verskillende kommoditeitsgroepe wat voor November 1971 vrygestel was van invoerlisensiëring maar wat toe onder permit geplaas was, met enkele uitsonderinge, na die permitvrye lys van invoere teruggeplaas word.

Die lys van kommoditeite wat voor November 1971 aan outomatiese invoerlisensiëring onderworpe was maar wat toe vervang was deur 'n lys van kommoditeite onderhewig aan globale invoerkwotas wat van tyd tot tyd bepaal sou word, sal herstel word.

Sewe van die kommoditeitsgroepe wat op die voor-November lys van goedere onderworpe aan outomatiese invoerlisensiëring verskyn het, sal egter nog onderworpe bly aan lisensiëring ingevolge globale invoerkwotas wat van tyd tot tyd bepaal sal word.

Ten opsigte van ses van hierdie kommoditeitsgroepe is daar besluit om die volgende bykomstige invoerverslappings in werking te stel:

(i) *Farmaseutiese produkte*
Die eerste permituitreiking van 20% van 1969-invoere word vervang deur permituitreikings wat handelaars en vervaardigers in staat sal stel om hulle voorrade op die peil van 4 maande se normale behoeftes te handhaaf.

(ii) *Swamdoders, pesbestrydingsmiddels en insektemiddels*
Vir hierdie goedere sal permitte uitgereik word op dieselfde grondslag as dié wat ten opsigte van goedere in kommoditeitsgroep (i) hierbo geld.

(iii) *Tekstielstukgoedere vir verkoop deur handelaars*
'n Derde permituitreiking van 10% sal gemaak word.

(iv) *Wyn en drinkbare spiritus*
Derde permituitreikings van 30% vir whisky en 10% vir alle ander alkoholiese dranksoorte, onderskeidelik, sal gemaak word.

(v) *Papier en karton*
Vir die goedere in hierdie groep sal permitte uitgereik word op dieselfde basis as vir die goedere wat in kommoditeitsgroep (i) hierbo verskyn.

(vi) *Algemene handelsware*
'n Derde permituitreiking van 20% sal gemaak word.

Die voor-November 1971 lys van kommoditeite wat slegs onder spesifieke permitte ingevoer kan word, sal in 'n groot mate gehandhaaf word.

Die Regering wil graag beklemtoon dat hierdie nuwe invoerbeheerverslappings nie gesien moet word as 'n herroeping van die beleidsverklarings wat vroeër vanjaar sowel binne as buite die Parlement gedoen is en waarin dit duidelik gestel is dat die Regering vas verbind was tot 'n beleid van die verdere bevordering van die land se nywerheidsontwikkeling op 'n gesonde en standhoudende grondslag nie.

Die vroeëre versekerings aan Suid-Afrikaanse vervaardigers word herhaal naamlik dat, waar dit geregverdig is, die Regering doeltreffende beskerming teen buitelandse mededinging en, in besonder, buitelandse mededinging van 'n ontwrigtende aard, sal verleen.

Soos reeds by vorige geleenthede bevestig is, glo die Regering dat sulke beskerming vir plaaslike nyweraars deur middel van die doeanetarief eerder dan deur middel van invoerbeheer verleen moet word.

Plaaslike nyweraars wat behoefte het aan sodanige beskerming is reeds uitgenooi om die nodige aansoeke aan die Raad van Handel en Nywerheid voor te lê. 'n Groot aantal sodanige aansoeke is reeds onlangs ontvang en word as 'n dringende aangeleentheid deur die Raad en die Regering behandel.

Vir soverre die Regering se besluite met betrekking tot hierdie aansoeke verhogings in doeaneregte sal meebring wat nie onder die AOTH gebind is nie, sal die betrokke besluite met spoed geïmplementeer word.

Vir soverre die Raad se aanbevelings aan die Regering verhogings in gebonde doeaneregte mag inhou, is die Komitee van Ondersoek na Suid-Afrika se posisie onder die AOTH opdrag gegee om op 31 Augustus ten laatste verslag te doen in verband met die moontlike oplossing van die probleme wat uit Suid-Afrika se bestaande AOTH tariefverpligtinge voortspruit. Die Regering sal toesien dat die betrokke nyweraars die hulp ontvang wat die omstandighede van elke geval regverdig.